Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Fokus op Fanie van Wyk

Hoedspruit, Trichardsdal & Ofcolaco area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Fanie van Wyk by
Sel: 083 631 7149 E-pos: fanie@laeveld.co.za

Hy is gebore in Pretoria in 1958. Hulle het kort daarna verhuis na Letsitele en vestig hulle op Letaba landgoed. Hy voltooi sy Laerskool loopbaan te Dr Annecke op Letsitele asook sy Hoërskool loopbaan aan die Hoër Landbouskool Merensky net buite Tzaneen.

Tydens sy studentejare het hy elke vakansie op Westfalia Landgoed gewerk waar hy gehelp het met die verbouing van advokadopere en bosbou. Hy behaal die grade B-ed Honneurs en BCom Bemarking. Kort daarna doen hy diensplig by die infanterieskool op Oudsthoorn. In die jaar 1984 is hy getroud en vestig hulle op Louis Trichardt waar hy onderwys gee in Wiskunde en Wetenskap. In 1992 verhuis hy na Hoedspruit en tree uit as skoolhoof by Drakensig Laerskool, waar hy homself in die chemiese bedryf gevestig het.

Hy is getroud met Marinda wat deel is van die span in Hoedspruit, wat hom ten volle ondersteun en bystaan. Sy koester die belange van hulle besigheid asof dit haar eie is. Hulle is geseën met ‘n seun (Stefan) en ‘n dogter (Anrie). Beide is afgestudeer en volg hulle eie beroepe. Hy speel graag in sy vrye tyd gholf en het ook ‘n groot voorliefde vir hengel en jag en is natuurlik ‘n fanatiese Blou Bul ondersteuner.

Fanie sê: “Landbou lê nog altyd na aan my hart en ek het geweet ongeag wat, ek sal betrokke raak by landbou. As jy kan droom, kan jy dit doen en daarom het ek myself instudeer in plant-, siekte- en grondkunde. My voorliefde is die verbouing van groente, mango’s en sitrus.

Daar is vir my niks mooier as ‘n gesonde boom of plant met pragtige vrugte of groente aan nie. Ons is bevoorreg om deel te wees van die Hoedspruit gemeente en daarom is ons uitgangpunt dat ‘n toe hand nie kan ontvang nie. Ons verhouding met die kliënte is die gom van ons besigheid. Daar is myns insiens nie ‘n mooier plek met sy pragtige berge en mense nie. As gelowiges dank ons ons Hemelse Vader elke dag vir al die seëninge, gesondheid en voorspoed wat ons elke dag ontvang. ‘n Belangrike deel van my lewe is dat ek geen besluit sal neem sonder gebed nie. My geheim van sukses is om alledaagse dinge buitengewoon goed te doen. Daar is nie iets soos ‘n probleem nie, maar daar is iets soos oplossings.”